

Deur die Woord Van Hulle Getuienis

“En hulle het hom oorwin deur
die bloed van die Lam en deur
die woord van hulle getuienis...”
Die Openbaring 12:11

Ongelooflike en Kragtige Getuienisse
van Herstelde Huwelike
Boek 1

Erin Thiele

NarrowRoad Publishing House

Deur die Woord Van Hulle Getuienis

Ongelooftlike en Kragtige Getuienisse van Herstelde Huwelike

Deur Erin Thiele



Uitgegee deur:
NarrowRoad Publishing House
POB 830
Ozark, MO 65721 U.S.A.

Die materiaal van Restore Ministeries was geskryf met die uitsluitlike doel om vrouens te bemoedig. Vir meer inligting, besoek ons by:

Uiteindelikhoop.com
EncouragingWomen.org

Toestemming van die skrywer was gegee aan dié wat hierdie boek vir hulself wil druk of kopieer, streng slegs vir bemoediging en informasie doeleindes; maar, sulke afskrifte of herdrukke kan nie in enige vorm verkoop word sonder voorafgaande toestemming van die skrywer nie

Tensy andersins aangedui, is meeste van die Bybel verse uit die *AFR83 Vertaling* geneem. Bybel aanhalings gemerk NLV word uit die *Nuwe Lewende Vertaling* geneem, en die Bybel aanhalings wat AFR53 gemerk is, word uit die *1933/53 Afrikaanse vertaling* geneem. Ons bediening is nie partydig aan enige spesifieke weergawe nie, maar is **lief** vir hulle almal, sodat ons in staat is om elke vrou, in enige denominasie, wat bemoediging nodig het, te help, asook diegene wat 'n begeerte het om groter intimiteit met haar Redder te kry.

Kopiereg © 2023 Deur Erin Thiele

ISBN: 1-957684-07-0

ISBN 13: 978-1-957684-07-9

Inhoudsopgawe

Jou Goddelike Afspraak.....	4
1. Chelle	10
2. Paloma.....	23
3. Lota	29
4. Paula.....	34
5. Daisy	39
6. Clarissa.....	44
7. Mary Beth.....	49
8. Michele.....	53
9. Martha	63
10. Cindy	66
11. Sarah.....	71
12. Lisa.....	74
13. Kery.....	77
14. Kort Getuienisse.....	82

Inleiding

Jou Goddelike Afspraak

“As ek na die Here roep, antwoord Hy
my van sy heilige berg af. Sela.”

—Psalms 3:4

Is jy op soek na huwelikhulp? Dit is nie toevallig nie, en dit is ook nie toevallig dat jy hierdie boek lees nie. God het jou geroep om hulp in jou huweliksdilemma gehoor. Hy het hierdie GODDELIKE AFSPRAAK voorbestem om jou die hoop te gee wat jy nou so dringend nodig het!

As daar vir jou gesê is dat jou huwelik hopeloos is of dat jou huwelik sonder jou huweliksmat se hulp nie herstel kan word nie, dan is dit die boek wat jy nodig het. Lees dit oor en oor sodat jy sal begin glo dat God meer as in staat is om enige huwelik te herstel, insluitend joune!

Ons weet en verstaan waardeur jy gaan sedert ONS, en baie ander wat na ons bediening gekom het vir hulp, ‘n herstelde huwelik en familie het! Maak nie saak wat ander jou vertel het nie, jou huwelik is NIE hopeloos nie. Ons weet, na vyf en twintig jaar van bediening, dat God in staat is om enige huwelik te herstel, selfs joune!

As jy tot God uitgeroep het vir meer hulp, iemand wat verstaan, sluit dan aan by ons Internet Herstel Gemeenskap om jou te help om jou huwelik deur te sien tot herstel tydens jou herboufase van jou reis. Sedert die begin van hierdie gemeenskap, het ons gesien dat meer huwelike op ‘n gereelde basis herstel is as wat ons ooit gedink het moontlik is!

Dus, as jy regtig ernstig is in jou begeerte om jou huwelik te herstel, dan is ons gemeenskap die antwoord. Vir meer inligting of om aan te sluit, gaan na ons webwerf UiteindelikHoop.com. Ons wil graag hê jy moet deel wees van ons Herstel Gemeenskap!

Wie is ons en wat hoop ons om te doen?

Restore Ministries help diegene wat hulself in ‘n hopelose situasie bevind het: paartjies waar ‘n eggenoot in egbreuk is, uitgetrek het, aansoek gedoen het vir egskeiding, of enige ander oënskynlik onmoontlike huweliksituasie. Hierdie gebroke mense het dikwels hulp gesoek, maar almal (baie keer selfs hul pastore) het vir hulle gesê hul huwelik was hopeloos. Ons glo egter nie net dat geen huwelik hopeloos is nie—ongeag die omstandighede—ons weet dit is nie. Daarom bied ons hoop, hulp en aanmoediging deur ons webwerf, ons Herstel Gemeenskap en ‘n verskeidenheid hulpbronne, insluitend ‘n verskeidenheid nuusbriewe om jou daaglik te voed en op te hef!

In 2001 is Herstel Gemeenskap gebore om meer effektief te bedien in die behoeftes van diegene wat ernstig herstel soek. Binne ‘n jaar het die gemeenskap gegroei tot meer as 400 toegewyde lede en styg daaglik met lede van regoor die wêreld.

Restore Ministries het nog nooit advertensies gesoek of betaal vir plasing in soekenjins nie, maar het eerder per mond gegroei. Ons neem ook geen ondersteuning van enigiemand behalwe die individue self wat herstel soek nie, sodat ons nooit vertel kan word dat ons nie Sy volle waarhede moet deel nie. Alhoewel dikwels deur die gevestigde kerk verstoot, as gevolg van diegene wat tot God om hulp geroep het toe hul eie kerk, pastoor, familie en vriende, wat hulle geen hoop of ondersteuning aangebied het nie, het ons hulle hoop gegee en ons het ‘n oase in die woestyn geword vir die desperate, die seer, die verwerptes.

Dikwels daarvan beskuldig dat dit ekstrem, radikaal, buite balans of wetties is, is die boodskap in al ons hulpbronne slegs stewig op die Woord van God gegrond, en moedig diegene aan wat herstel soek om die boodskap wat Jesus verkondig het, te leef, beginnende met die bekende Saligheid.

RMI leer die goeie nuus van God se Woord om genesing te bring aan die gebrokenes van hart, troos aan diegene in pyn en vryheid aan gevangenes van moedeloosheid en sonde deur die waarheid van Sy Woord, wat hulle die hoop gee wat “teen alle hoop” is deur die Krag van Jesus Christus, die Magtige Raadgewer en Goeie Herder.

Ons webwerf en ons hulpbronne gee bediening aan diegene wat seer het regoor die wêreld met die doel om ‘n dieper en meer intieme wandeling met die Here te verkry wat lei tot genesing, bevryding, die naakte geklee, die verlore gered en gebroke huwelike herstel. Ons gee bediening aan vroue uit meer as 15 lande, insluitend Switserland, Hongkong, Nieu-Seeland, Swede, Filippyne, Brasilië and Duitsland, met groot opvolgings in Australië, Kanada en Afrika. Ons boeke is vertaal in Spaans, Portugees, Tagalog (Filipino), Afrikaans en Frans. Ook Slowaaks, Chinees, Russies, Italiaans en ‘n paar Hindi.

Jesus het gesê dat jy “hulle aan hulle vrugte sal ken” daarom is hierdie boek en al ons Deur die Woord van hulle Getuienis boeke gevul met getuienisse van hopelose huwelike wat herstelde huwelike geword het wat eer gee aan God en aan die Krag van Sy Woord Ons DWHG-boeke groei teen so ‘n fenomenale tempo dat ons eens nie in staat was om tred te hou met die publikasie daarvan nie. Nou het ons ‘n volle span wat toegewy is om tred te hou.

As jy twyfel oor die geldigheid van ons bediening, sal jy nie nadat jy hierdie en ons ander wonderlike boeke gelees het nie. Elkeen sal jou nie net hopelose huwelike wys wat herstel is nie, maar nog belangriker, dit sal jou mans en vroue wys wat heeltemal omskep is in God-liefhebbers en nou aan die brand gesteepte Christene is, waarvan baie deur hierdie bediening gered is.

Hieronder is ‘n klein voorbeeld van die briewe van dankbaarheid wat Restore Ministries ontvang het. Let asseblief op wanneer jy die briewe lees dat hulle al die lof en heerlikheid aan die Here gee. Hierdie bediening is gestig en gaan voort om te groei op die veronderstelling dat “as Hy opgehef word, Hy alle mense na Homself sal trek” en “die Here sal Sy heerlikheid met geen mens deel nie.”

“Laat ‘n Ander Jou Prys” Spreuke 27:2

“Dankie, dankie dat jy God toegelaat het om jou te gebruik, dankie aan al die spanlede van RMI wat voortgaan om die werk van God te doen. Dankie veral aan Erin vir haar pragtige aanmoediging en ondersteuning, dankie vir die beskikbaarstelling van jou hulpbronne gratis, ek kon dit nie bekostig nie. Met trane in my oë julle ouens sal geen idee hê van die manier waarop

julle my lewe geseën het nie. Dankie vir die kursusse, hulpbronne, boeke, aanmoedigings en getuïenisse. Ek het julle almal so lief.”

~ Van Kimberley in Jamaica

“Ek wil julle bedank dat julle my hoop gegee het. Om my ‘n padkaart te gee om my familie te herstel. Om my lewe te verander. Ek het my lewe gesien verander sedert ek hierdie kursus ‘n maand en 9 dae gelede gevind het.

Die getuïenisse in die boek Deur die Woord van hulle Getuïenis het my aangemoedig om aan te hou. Elke getuïenis het een ding gehad waarmee ek kon vereenselwig. Ek het so baie by hulle geleer. Een het amper dieselfde storie gehad. Hulle was ongelooflik!”

~ Van Aracely in Kalifornië

Uit die getuïenisse wat ek gelees het [Deur die Woord van hulle Getuïenis], het ek beseft hoeveel diepte vroue verkry het en dat dit hulle gehelp het om hul persoonlike lewens met God en met hul verhoudings met hul vennote te verander, het dit my verbaas hoeveel huwelike herstel is en hoe die Here hulle geseën het.

~ Van Mavis in Panama

Ons sit hierdie boek en al ons *Woord van Hulle Getuïenis* boeke saam, want ons glo dat as jy tyd spandeer om hierdie ongelooflike en ontsagwekkende getuïenisse te lees van skynbaar hopelose huwelike wat wonderbaarlik herstel was, sal jy aangemoedig word en sonder twyfel weet ...

VIR GOD IS ALLES MOONTLIK!!

Vir God Is Alles Moontlik!

“Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê:
‘Vir mense is dit onmoontlik maar nie vir God nie,
want vir God is alles moontlik.’”

Mark 10:27

*“En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en **deur die woord van hulle getuienis**, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie” Die Openbaring 12:11.*

Die volgende getuienisse is gevul met die wonderwerke van mans en vroue wat op God se Woord gestaan en geglo het dat “niks onmoontlik is vir God nie!” Die wat ‘n wonderwerk van ‘n herstelde huwelik het, het verskeie dinge in gemeen. Almal het “hulle in die Here verheug” en Hy het hulle “die begeertes van hulle harte gegee.” Almal het “gehoop teen hoop toe die situasie hopeloos voorgekom het.

Almal het die “goeie geveg, geveg” en hulle roete voltooi.” Almal van hulle was vasbeslote om “nie deur die kwaad oorwin te word nie,” maar eerder “die kwaad met die goeie te oorwin.” Almal was gewillig om “hulle vyande te seën” en vir hulle te bid “ten spyte daarvan dat hulle gebruik en vervolg was.” Almal het “die ander wang gedraai” en “die ekstra kilometer geloop.” Almal het besef dat dit God was wat metgesel en vriend ver van hulle verwyder het en dit was God wat “hulle afskuwelik” vir hulle mans gemaak het. Almal het verstaan en geglo dat dit NIE die wil van ‘n man {of vrou} was, maar die wil van God wat die “hart draai” hoe ook al Hy verkies.

Almal het geweier om “in die vlees” te baklei, maar het verkies om “in die gees” te baklei. Niemand was bekommerd om hulself te beskerm nie, maar het hulself aan “Hom wat regverdig oordeel oorgelaat.” Al hul vertroue was “in die Here,” want hulle vertroue was “die Here.” Almal het hulle prokureurs {indien dit deel van hulle beproewing was} ontslaan, aangesien hulle eerder veronreg of bedrieg sou word.” Almal “het uit die pad van boosheid gekom” en “toegelaat dat die ongelowige loop” aangesien hulle “tot vrede geroep is.” Almal het geweier om “kwaad vir kwaad of

belediging vir belediging” te vergeld. Almal het hulle mans liefgehad wie dalk ontrou was, omdat hulle geweet het die “liefde misluk nooit.”

Dit is dieselfde reis waarop die Here my in 1989 geneem het. Daardie jaar het ek ‘n belofte aan God gemaak dat as Hy my huwelik aan my man sou herstel, ek my lewe sou wy om ander van Hom te vertel en Sy begeerte en vermoë om ENIGE huwelik, ongeag die omstandighede, te herstel. Die Here was getrou en het my huwelik skielik herstel, 2 jaar later na ‘n egskeiding. (Ja, NA ‘n egskeiding!). Nou, met die Here se voortdurende hulp, liefde ondersteuning en leiding, versprei ek getrou die GOEIE nuus dat niks—NIE ‘N DING—onmoontlik is met God nie!

Dit is belangrik om te weet dat ons bediening GESTIG was om diegene te help wat deur hulle pastore en Christen vriende vertel is dat hulle situasie HOPELOOS was. Diegene wat na ons toe kom vir hoop, staan ‘n man in die gesig wat diep in owerspel is, wat uitgetrek het (dikwels saam met die ander persoon intrek), wie alreeds ‘n egskeiding aanhangig gemaak het, of wie se egskeiding al gefinaliseer is. 99% van diegene wat kom, kom soek alleen hulp, omdat hulle mans nie geïnteresseerd is om hulle huwelike te red nie, maar probeer desperaat om uit die huwelik te kom. Meer as 95% sê dat hulle Christene is en meeste is met Christene getroud. Meer as die helfte dien in een of ander Christelike bediening en baie van die mans wat betrokke is by ander vroue is pastore wie nie net hulle vroue en kinders gelos het nie, maar ook hulle kerke.

Indien jy, of iemand wat jy ken, egskeiding in die gesig staan, daar is hoop. Lees hierdie asemrowende getuïenisse wat bewys dat God is MEER as in staat om ENIGE huwelik te herstel—selfs JOUNE!

Hoofstuk 1

Chelle

“Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig;
ek het die geloof behou. Verder is vir my weggeleê
die kroon van die geregtigheid wat die Here,
die regverdigde Regter, my in dié dag sal gee.”
—2 Timotheus 4:7-8

“God Genees ‘n Kanker Oorlewende se Huwelik in Alabama!”

Laat ek jou aan een van my dierbaarste en naaste vriendinne voorstel—
Chelle!

Die beste manier om Chelle te leer ken, is om haar getuienis te lees wat ek
geskryf het net nadat haar HERSTELDE huwelik “uiteindelik” gebeur het.

Al wat ek kan sê is—Uiteindelik!!!!

O, ek het gewag en gebid vir dit, voortdurend die Here gevra om dit vir my
as guns te doen (asof Hy MY enigsins iets skuld!).

Vir die van julle wat nie die volledige getuienis van hierdie ongelooflike
Alabama vrou wat aan my regterkant staan, ken nie laat my toe om haar
storie so kortliks moontlik met jou te deel.

Een dag toe ontvang ek ‘n epos van hierdie vrou wat pas haar sesde kind
gehad het toe sy uitvind sy het borskanker. Na ‘n **radikale** mastektomie, en
die verlies van al haar hare, op die laaste dag van haar chemoterapie, vra
haar man haar uit op ‘n afspraak. Oppad huistoe neem hy ‘n ander roete en
ry in ‘n pragtige buurt in. Toe kom hy voor ‘n huis met ‘n “Verkoop” teken
tot stilstand.

Chelle dog haar man het haar verras, en gedink dat dit die nuwe huis is waar hulle ‘n “nuwe begin” gaan maak!! Maar sy woorde het haar siel en hart deurboor: “Dit is my nuwe huis. Ek los jou. Ek is nie meer lief vir jou nie. Ek is lief vir iemand anders.”

Toe ek haar epos lees het ek in trane uitgebars. Ek dog ek het al alles gehoor. Dit was so hartverskeurend dat ek ernstig daaraan gedink het om op te hou met my bediening. Ek kon nie langer die pyn verduur om te hoor en te ervaar wat vrou na vrou gedeel het oor wat besig was om met haar te gebeur nie.

Chelle het egter nooit op haar laat wag nadat sy ons gevind het nie. Ons het KONSTANTE lofverslae van haar ontvang, wat sonder twyfel ‘n OFFER van lof was. Aanhoudende offensiewe aanvalle het haar kant toe gekom en sy het nooit gevou nie, maar die Here met ‘n hart van vreugde en ‘n GELAG geloof. Chelle het haar sin vir humor gedurende die hele beproewing behou.

My man en ek het albei geglo dat haar huwelik herstel sal word. Daagliks het sy haar in die boeke en video opnames versadig, aan die slaap geraak terwyl ek met haar deur die *Wees Aangemoedig*-video’s “gepraat” het.

Na Chelle haar herstelde huweliksgetuienis voorgelê het, het ons ‘n dringende epos ontvang om dit nie te plaas nie. Sy het geskryf dat haar man die trek van sy goed terug huis toe “vertraag” het. Sy het vermoed iets was besig om aan te gaan want hy het verbasend “koel” in sy toenaderings en gesprekke oor die vorige weke geword. Sy het dit op haar beurt laat gaan en op haar kinders en om haar huis in orde te kry gefokus (sy sê sy het “julle *Werkers by die Huis*-boek presies gevolg” in gereedheid vir sy terugkeer).

Toe op die oggend van die epos terwyl sy besig was om op te ruim, het sy ‘n verrassings besoek van ‘n man ontvang wat haar vertel het dat sy vrou en Chelle se man **saam** weg was. Chelle het hom beleefd gevra om te gaan en gesê niks kan sonder haar man bespreek word nie.

PRAAT VAN ‘n TOETS!!!! Chelle het geen vrae gevra nie, nog minder het sy na enigiets geluister wat NIE ‘n “goeie verslag” was nie, alhoewel sy geweet het dat alles wat hy haar wou vertel het, moontlik waar was.

Die volgende dag het Chelle se man gebel en gesê, “Ek hoor jy het gister ‘n “interessante” besoeker by die huis gehad. Met ‘n “sagmoedige en stille gees” (wat sy geleer het deur 1 Petrus 3:1-5 te memoriseer) het sy kalm verklaar, “Wel, nee, ek onthou nie iemand besonders nie.”

DIS WAT DIT GEDOEN HET!!!

Haar man het daardie dag huistoe gekom vir goed—EER AAN GOD!!!! Dit was in 2002 dames!! En ek hou nog steeds verbintenis met hulle—albei van hulle. Chelle se man het na sy terugkeer ‘n man van God geword en is nou ‘n noue vriend van my ook!!

Laat Chelle nou met jou deel wat God vir haar gedoen het in haar eie woorde....

Chelle se Eerste Epos aan Ons

Toe ek die eerste keer na julle webwerf gekom het en van die dame wat 6 kinders het en in Alabama bly gehoor het, het ek vir die Here vertel dat daar nog een gou gaan wees!!

Wel vanaand—prys God het hy besluit om huis toe te kom!!!! Slegs 8 maande gelede was hierdie huwelik verby! Hy wou opgegee het “vir tyd gedien,” maar gebaseer op God se Woord wat ek in julle boeke en video’s gevind het, is ek ‘n nuwe wese!!!

Hy het my gevra om finansieel te besluit (ek is ‘n afgetrede Gesertifiseerde Openbare Boekhouer) of ons die huis gaan hou. Julle sien, ons gaan gereeld weg vir naweke (6 kinders) en hy dink die huis is goedkoper en mooier as hotelle. Ek sal “stadig” besluit en vir hom bid om dit op sy eie op te gee.

Ek was so bly dat ek daardie video gekies het om gisteraand te kyk—sekerlik was God se hand op my! Toe hy my van sy besluit vertel, het ek nie uitgeskree of opgewonde geraak nie, ek het net geglimlag en geluister terwyl hy my sy “redes” vertel het. Geen van hierdie redes was dat hy jammer was of vir my lief was nie—maar dit het nie saak gemaak nie, want dit was nie belangrik nie. Ek leef deur geloof en nie sig nie.

Dankie, RMI, dat julle ‘n vaartuig vir Jesus is. Ek sal julle op hoogte hou van die trek datum—wanneer sy goed uiteindelik huistoe kom.

Chelle se tweede epos “Hallelujah!”

Dames, asseblief hou op om te praat en te dink oor bid, en DOEN DIT. HY sal dit doen!!! My situasie is van so aard dat ek nie die wêreld kan vertel oor my beantwoorde gebede nie, maar wat ek wel kan sê is: My man het my gelos en was vir 14 maande weg. Ja, daar WAS iemand anders. Ja, daar was

prokureurs betrokke. Ja dit was hopeloos. Ja, ek het alles verkeerd gedoen. Toe ek die Woord van God deur RMI boeke en bande gestudeer het—en uiteindelik die beginsels toegepas het—het ek ontvang en ontvang en ontvang—toe het ek gegee en ander gehelp!

Jy moet dit alles doen...dan alles vir God gee om vir jou onthalwe te veg. Hy het alreeds die vyand verslaan. Ek is so opgewonde oor wat God alreeds vir my gedoen het en ek hoop ek kan jou aanmoedig om besig te raak en op te hou kla en te begin gehoorsaam wees!

My man het huistoe gekom, nie omdat hy nie sonder my kon lewe nie, maar omdat hy finansieël ongeskik was. Nogtans, het ek God geprys want dit is wat Hy gesê het gaan gebeur. Spreuke 6:26 sê “want vir ’n **hoer verval** ’n mens tot ’n **stuk brood**, en ’n ander se vrou maak jag op ’n kosbare lewe.”

Ek het net aanhou glo. Gou het hy my begin vertel dat hy lief vir my is (ek beplan om ‘n offisiële herstelde huweliks getuienis voor te lê maar moes my lof verslag nou stuur!!) Hy het al 4 keer kerk toe gegaan, ja!!!!!! Hy is nog nie gereed vir Bybelstudie nie — toe sê ek vir die kinders hulle moet uit kom vir ons gewone Bybelstudie by die huis. Toe sê my man ons moet vir hom wag. Toe ek myself van die vloer af optel, het ek probeer om nie te breed te glimlag nie. Hy het my toegelaat om die gewone te doen terwyl hy na my gebed, storie en Bybellees geluister het.

Toe sê hy: “Reg, nou moet ons vir Pappa bid.” Met my kinders daar, begin hy die sondaar se gebed bid en vra Jesus om in sy lewe te kom en hom te lei in die dae wat kom. Ek het sooooo lank hiervoor gebid!!!!!!!!!!!!!!

Ek wou gehad het dat hy moet terugkeer na die Here, maar in die begin was ek selfsugtig en wou hê hy moes ook na my toe terugkom. Hy was al 2 maande by die huis en was nog steeds nie gereed om weer my man te wees nie. Toe op my verjaardag het ek geweet dat hy nie tyd gehad het om vir my ‘n geskenk te kry nie. Na aandete (wat ek gemaak het) het hy aan die slaap geraak. Ek het instinktief in my gebeds kamertjie gegaan vir ‘n goeie huil en gebed. Toe ek bed toe gaan het hy wakker geword, wawyd wakker, en gevra of ek my geskenk wil hê. Hy het opgestaan en sy trouing aangesit. God is so GOED. Ek het hiervoor gebid vandat hy weg was.

Jy kan nie weet hoe ver ons gekom het behalwe dat ons situasie baie erger kon gewees het - en met God is alles moontlik!!!!!!!!!!!!!!

Wat ookal die duiwel van ons steel - God kan dit sewevoudig vervang indien nie meer nie!!!! Is jy besig om jou tiende aan jou skatkamer te gee? Kry terug wat aan jou behoort!!

Ek sal aanhou om die OORWINNING vir al die onherstelde huwelike wat na hierdie werf toe kom te eis en te bid dat die wat nie van hierdie wonderlike plek weet nie hiernatoe gelei sal word!!

Liefde,
Chelle

DAAR IS MEER, BAIE MEER!!

Nou sal ons daarvan hou dat jy Chelle se, eerste persoon, Herstelde Huweliks Getuienis “Hy Noem My Pragtig” lees, dit was in RMI se eerste Deur die Woord van Hulle Getuienis boek gepubliseer.

My Man Noem My Pragtig!!!

Deur Chelle

Dit het Ou-kersaand, 2000, begin, toe my man my vir aandete uitneem. Ek het hierdie reis deur die plattelandse paaie onthou gespikkel met Kersfees liggies en wense dat die kinders dit kon sien. Vir baie jare daarna, het die blote gedagte van Kersfees ligte my naar gemaak.

My man het gesê dat hy iets het om my te wys voor ons eet en my deur ‘n woonbuurt geneem en voor ‘n huis tot stilstand gekom. My hart het bollemakiesie geslaan—ek dog hy gaan my “ons” nuwe huis waarvoor ons gehoop het wys. In plaas daarvan het hy na my toe omgedraai en gesê, “Ons het 20 wonderlike jare saam gehad, maar...” Toe lag ek en sê, “Is jy besig om my te ‘dump’?”

Hy het aangehou om my te vertel dat daar niemand anders is nie maar dat hy my nie meer liefhê nie (Ek het al sy liefde doodgemaak), en hy wou weer “verlief” wees!

Die huis waarheen hy besig was om te trek—was een uur van my en die kinders af. Hy het gesê hy weet dat ek my hart se begeerte het met al die kinders (ons het ses), en ek sal piekfyn wees. Ek het reguit in daardie huis ingestap en soos ‘n balletjie in die badkamer geval en baie siek geword. Op een of ander manier het ek dit uit die badkamer gemaak en hom gevra of dit

moontlik sou wees om van die kinders op te sit vir aanneming. Ek sidder nou nog aan die gedagte—maar ek weet God het my vergewe. Op een of ander manier het ons dit deur aandete gemaak, ek het hom gevra of dit moontlik was dat hy weer “verlief” sou raak? Hy was ligsinnig maar het gesê, “Met God is alles moontlik!” God het my hoop gegee deur die woorde van my eie man! Daardie aand, het die duiwel my herinner dat my man jare gelede gesê het dat wanneer hy 40 word, hy my sal inruil vir twee 20-jariges. Dit was meer waar as wat ek sou kon weet.

Hy het laat nagte gewerk en was gereeld uitstedig. Dit was nie ongewoond vir die kinders om hom nie vir weke op ‘n slag, nie te sien nie. Hy het gedurende die aand getrek, ek het hom alles wat hy nodig gehad het geoffer. Die kinders was baie jonk en was daaraan gewoond dat ek goed weggegee het of toegelaat het dat vriende meubels leen—dus het hulle nie agtergekom dat hy weg was nie. Ek onthou nie veel van die volgende ses weke nie. Ek onthou baie alkohol en voorgeskrewe verdowingsmiddels. Ek het seker 40 boeke by die Christelike boekwinkel oor die huwelik en egskeiding gekoop. Ek wou die kinders onskuldig gehou het, en ek was so vernederd. Ek het min mense vertel wat gebeur het.

Ek het geen begeerte gehad om wraak te neem nie—Ek wou eenvoudig hê my man moet my weer liefhê. Ek het myself goed in die vlees bekyk. Ek was kaalkop (van die chemo), het geen sorg aan my voorkoms gegee nie, het te veel gedrink, was uiters oorgewig en was in die middel van rekonstruktiewe chirurgie vir kanker.

Ek kan myself net voorstel wat my vriende van my man sou dink as hulle gewet het hy het my gelos en die kinders verlaat.

Toe kyk ek diep na myself, en sien wat die wêreld en my vriende NIE gewet het nie—dat ek vir meer as ‘n jaar my man nie toegelaat het om intiem met my te verkeer nie. Ek het nooit saam hom gegaan wanneer hy my uitgenooi het vir pret nie (my kinders het my nodig gehad), en ek het hom voor my kinders afgekraak. Ek het alles geword wat ek later geleer het God NIE wou gehad het ‘n vrou moes wees nie. Ek was omstrede, hooghartig, ‘n groot leuenaar, ‘n arrogante Fariseër, en soveel meer. Geen wonder hy het my gelos nie—ek was ‘n DWAAS! Ek het vir hom ‘n brief geskryf en hom van al hierdie dinge vertel—wat ek GEENSINS aanbeveel nie, dit het net die “haat muur” versterk. (Dit was nie tot maande later wat

ek hom hierdie dinge van aangesig tot aangesig kon vertel dat hy werklik kon sien dat ek verander het.)

Omtrent ses weke na hy my gelos het, het hy geskakel en gebieg dat hy inderdaad op iemand verlief geraak het (baie maande vantevore), maar sy kon nie haar man los soos wat hy gehoop het nie, en sy het sy hart gebreek. Ek het nooit geweet wie hierdie persoon was tot en met die week wat my man besluit het om huistoe te kom nie. Glo my—ek het probeer uitvind. Ek onthou hoe ek een aand deur n 55-galon vullisblik gegaan het op soek na kredietkaart kwitansies, maar God het my beskerm deur my eie man te gebruik—Hy het die kwitansies daardie aand saam hom gevat na hy vir die kinders nag gesê het! Jare later, het hy gesê dat hy te lief was vir my om ons familie te vernietig.

Gedurende hierdie tyd, dink ek het ek 13kg verloor met die “ontroue dieet” (later, met die regte oefening, gebed, en vas, het ek ‘n totaal van 38.5kg verloor). Ek het bietjie nuwe klere en ‘n pruik gekoop. Ek het ook gevind, in een van die boeke wat ek gekoop het, dat ek berading vanaf die skrywer vir \$150 ‘n uur kon ontvang. Ek het my man verraai deur hom by my te laat aansluit vir ‘n sessie om my “te help” en hy het ingestem. Toe dit sy beurt was om privaat in die sessie te praat, het ek natuurlik my oor teen die deur gesit en dinge gehoor wat my hart nooit moes hoor nie.

‘n Hele paar duisend dollar later, het ek besef hierdie “kenner” het nooit deurgemaak wat ek besig was om deur te gaan nie—so hoe kon hy my moontlik lei? Ek was op sy geselsyn op soek na hulp en sien toe ‘n verwysing na RMI in ‘n nota aan iemand anders. Ek het die volgende aand teruggegaan met die hoop dat dit nog daar was en het dadelik op RMI ingeteken. Prys die Here! Ek is jammer om te se ek het nie alles op die webtuiste daardie aand gelees nie—maar, ek het reguit na die bestellings departement gegaan en iets gesien wat “Voorgestelde Pakket” genoem was. Ek weet nie wie dit aanbeveel het nie, maar ek het iets nodig gehad! Prys die Here vir Sy hand op my lewe!!

Toe ek die leesstof ontvang het, en ek die “*Hoe God jou Huwelik kan en sal Herstel* gelees het”—het veroordeling oor my gekom. Ek het gebid dat God my verander en onverskoning gevra vir al die mense wat geluister het hoe ek my man verneder. Ek en my pastoor het saamgestem om te mag verskil oor die onderwerp van herstelbeginsels. Nou kry hy die grootste glimlag op

sy gesig wanneer ons ons ou “tuiskerk” besoek en my man sonder skaamte in die voorste ry kan sit, omdat sy vrou uitgevind het wat die Waarheid in God se Woord is deur RMI!

Toe ek na die “Wees Aangemoedig” videos luister, het ek hoop gevind. Toe ek die Wyse Vrou boek gelees het, het ek ‘n padkaart geskryf gehad wat my deur God se Woord gehelp het vir my eie herstel! Een dag, het ‘n spesiale posstuk van ‘n prokureurs kantoor arriveer, ek was in ‘n vleeslike paniek. Ek het die posstuk na my man se werk toe gevat (wat hy my gevra het om te doen), en al wat ek kon doen was dink “My genade is voldoende!” Ek het dit aanhoudend al die pad na sy werksplek herhaal. My man het dit vinnig as werksverband ontslaan, en ek het geglimlag en ‘n groot sug van verligting uitgeasem en stille lof aan God gegee. (Ek, natuurlik, was bevrees dat dit egskeidingsdokumente was).

Die dag toe ek by die huis kom, het ek 3x5 kaarte gemaak met die verse wat vir my spesiaal was. Indien jy die Wyse Vrou, gelees het sal jy weet dat RMI ons aanmoedig om dit te doen. Ek het begin om die boek te lees, maar ek het daardie spesifieke instruksie geïgnoreer. Nou weet ek hoekom ons daardie klein “swaarde van die gees” nodig het. Ek het nou nog my oorspronklike pakkie kaartjies, en gebruik hulle nou terwyl ek hierdie getuienis skryf. Sommige van hulle is opgevou en verslete van toe ek hulle in my agtersak gedra het.

My eerste gebede vir herstel was van hierdie kaartjies uit die Bybel. Ek het eenvoudig gesê, “Liewe Here—Bybel vers—in Jesus se naam, amen.” Soos wat ek hierdie eenvoudige gebede gebid het, het ek gesien hoe die “haat muur” verkrummel!

“Omdat julle geloof te klein is,” sê Hy vir hulle. “Dit verseker Ek julle: As julle maar geloof het so groot soos ‘n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê: ‘Gaan staan daar anderkant!’ en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.” (Matt. 17:20 Afr 83 uitgawe).

My volgende sprong in gebed het in die vorm van liedere gekom. Ek het lof en aanbidding musiek gespeel wanneer ek kon en by myself of saam die kinders gesing. Ek het agtergekom dat hoe meer my liedjies van vreugde vermeder het, so ook het die besoeke van my man! Wanneer hy besoek afgelê het, het ek hom alleen met die kinders gelos—dan het hy my orals in die huis gevolg.

Met my betroubare pakkie 3x5 kaarte, het ek ander in nood begin bedien. Soos wat ek vir ander begin bid het, het my man my begin uitvra vir afspraak.

Ek het 'n gebeds joernaal met 'n bladsy vir myself begin, my man, die ander vrou (vrouens), en elkeen van my kinders. So gereeld as wat ek kon, wanneer die kinders al bed toe was, het ek geesdriftig die gebede op elke bladsy gebid. Dit het beteken geen TV, iets groots vir my! Gou het my klein gebeds joernaal 'n lof joernaal geword. Ek was in staat om baie van hierdie gebede op 'n daaglikse basis af te merk. Ek het gehoor hoe my man woord vir woord dinge aanhaal soos wat ek daarvoor gebid het. Prys God! Somtyds, moes ek my kop draai om te giggel oor God se genade en goedheid vir my.

Ek sou daarvan hou om te kon sê dat die oomblik wat RMI in my lewe gekom het, het my man huistoe gekom en dat ons vir ewig gelukkig gebly het—maar dit was nie onmiddelik die geval nie.

Ek het voortgegaan om meer aantreklik vir my man te word aan die buitekant, en my man was besig om die verandering van binne ook agter te kom. Alhoewel, hy nie heeltemal seker was nie—en om eerlik te wees, was ek ook nie.

Gou het ek weer in die put van “man behaer” geval in plaas daarvan om die pad te loop van “onderdanig aan hom soos aan die Here.” Groot fout!! Een aand, op 'n afspraak, het hy my na 'n nuwe plek toe gevat. Dit was 'n ontkleekklub. Ek het gaan sit, en hy het begin verduidelik dat dit is waar hy sy vrye tyd (en baie geld), spandeer het, omdat hy “liefde” sonder komplikasies of om betrokke te raak gekry het. (Hy het my toestemming gegee om die storie te deel en het nie geweet dat hy diep in sonde was en besig was om demone op hierdie stadium van sy lewe te beveg nie.)

Ek het onmiddelik begin bid na ons gaan sit het, en baie gou het al die vrouens na my toe gekom en my man begin prys. Hulle het gesê dat hy “'n heer was” en altyd tyd gevat het om na hulle probleme te luister. Ek was getroos en siek op dieselfde tyd. Toe een van die meisies hoor dat ek 'n kanker oorlewende is, het sy my agter na die verkleed kamer gevat en jong meisie na jong meisie het na my toe begin kom vir gebed. Ek dink nie ek was baie goed vir besigheid daardie aand nie.

Ek wil graag sê ek het nooit weer teruggegaan na daardie plek toe nie, maar soos ek gesê het, ek het in die man-behae put geval, en welswillend hom telke male gevolg. God het 'n manier uit voorsien, omdat my man altyd gevra het of ek wou gaan, en ek nooit nee gesê het nie. Daaroor is ek beskaamd, maar is al lankal vergewe.

Ek het agtergekom dat nadat ek 'n aand by my man se huis spandeer het na 'n afspraak, ons intimiteit "liefde" ontbreek het en ek het "gebruik" gevoel, net soos daardie meisies gevoel het wat elke aand moes gaan werk. Ek het volgehou om God te prys dat ek geseënd was vir die tyd alleen saam my man en die intimiteit ongeag die omstandighede.

Ek het geweet dat ek nodig gehad het om nog een stappie in my gebedslewe te neem, en met die aanmoediging van die woorde op die videos, het ek. Ek het gevra en die doop van die Heilige Gees ontvang. Nou was ek ten volle toegerus en gevul met die vrymoedigheid wat net die Heilige Gees kan voorsien. Op daardie oomblik, het ek "geweet" dat my man sou terugkom en wat ookal voor dit gebeur het nie "Waarheid" was nie.

Toe my man sê hy kom huistoe (wat verskeie kere gebeur het) en dan verskeie weke later net wou "praat", kon ek na sy woorde luister met 'n sagmoedige en stil gees en stil in my gees bid. Feit is, ek het gevind dat ek in staat was om heeldag in gebed te verkeer. Ek het gevind dat ek in die huis rondloop en net met my beste vriend Jesus, praat.

Hoe meer tyd ek spandeer het om met Jesus te praat, hoe meer het my man verkies om tyd by die huis te spandeer, totdat hy vir goed teruggekom het. Ek was bedek met die bloed van Jesus, en het geweet dat ek die mag het om alle kwaad te oorkom!!

"Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen" (Lukas 10:19 Afr 83 vertaling).

Toe In Januarie 2002, het my man 'n week by die huis spandeer. Ons het 'n wonderlike Kersfees week met die kinders en sy familie spandeer (wat nie ons omstandighede geken het nie). Ek het een oggend 4 uur wakker geword, en my man met sy gimnasium sak gesien (dit was nie ongewoon vir hom om so vroeg op te staan en te gaan oefen nie) toe ek hom totsiens soen, het

hy gesê dat hy ‘n paar dae by sy huis gaan spandeer en dat hy my later sou skakel.

Die volgende dag, het ‘n vriend in sy trok aangekom, ek het buite toe gegaan om hom te vertel dat my man nie tuis is nie. Hy het my vertel dat sy vrou en my man saam weggegaan het en hy het my dinge begin vertel wat ek nie wou hoor nie. Ek het onmiddelik vir hom gesê dat hy huistoe moet gaan en vir sy vrou moet wag om huistoe te kom en dat hy dinge met haar moet bespreek. Prys God hy het gou gery, en die kinders het nooit geweet dat hy daar was nie.

My man het daardie aand geskakel en gesê, “Ek hoor jy het bietjie opwinding vandag by die huis gehad.” Ek het hom vertel dit was “niks meer as gewoonlik nie” en daarmee die grootheid van die “besoek” ontwyk. Hy het gesê hy sal die volgende dag terug wees in die stad, en dat hy by sy huis sal bly. Hy het die volgende aand oppad werk toe opgedaag. Ek het stilgebly terwyl hy gesê het dat hy nie meer langer twee huise kon bekostig nie en dat hy binnekort huistoe sou trek. Hy het dit al voorheen gesê (so hierdie keer het ek nie op en af gespring nie) maar het net eenvoudig geglimlag en gevra of ons vir hom aandete werk toe kan bring.

Hy het die volgende oggend na sy skof huistoe gekom en ‘n oproep ontvang terwyl ek in die stort was. Dit was sy broer, en hy het die naweek met die AV beskryf en soveel meer wat ek nie wou hoor nie. Ek het nie geweet wat om te doen nie, toe verlaat ek maar die badkamer so gou as wat ek kon en hy het toe geweet dat ek gehoor het. Hy het daardie dag in ons bed geslaap, en toe ek hom wakker maak vir sy volgende skof, het hy my sagkens vasgehou en gesê hy het geen idee waarom hy saam haar weggegaan het nadat hy haar vir ‘n jaar nie gesien het nie—maar dat ek die een was saam wie hy wou wees. Prys God!

In Februarie, het hy huistoe gekom, en in April, het hy sy trouing weer aangesit—maar ek het nogsteeds nie sy hart besit nie. Ek het vir baie maande op eierdoppe geloop. Die duiwel het my probeer oortuig dat hy nie sou bly nie. Hy was by sy werk afgedank, ons het ons huis en ‘n kar verloor en in finansiële ondergang verval, groter as wat ek nog ooit gesien het (en ek was ‘n GOB vir baie jare).

God is steeds besig om aan my te werk, maar my grootste plesier kom in beantwoorde gebede wat ek in my kosbare gebeds joernaal geplaas het op

daardie aande jare gelede toe Jesus my enigste man was. God is besig om ons herstel te voltooi. Dit is nou drie jaar vandat my man sy trouring weer aangesit het, en vir die afgelope paar maande, is ek 'n toonbeeld van hoe om "NIE" 'n wyse vrou te wees nie. Ek weet my vlees sukkel terwyl my man besig is om sy regverdige plek as hoof van ons huis en geestelike leier oor te neem. Ek het hierdie rolle vir so lank vertolk dat dit ongemaklik is om hulle op te gee.

Nou gebruik God my eie man om my nader aan Hom te bring. (God is so snaaks.) Hoe meer omstrede ek raak, hoe meer drukkies gee my man my en sê hy was nog nooit so lief vir my nie, en hy waardeer alles wat ek doen. Ek prys God vir beantwoorde gebede. Hoe meer van 'n Fariseër ek word, hoe meer haal my man Bybel verse aan of sing van sy liefde vir God. Hy lig sy arms sonder skaamte omhoog in die kerk, en my kinders volg sy voorbeeld.

Hy dring daarop aan om die kinders saam met ons "groot kerk" toe te bring. Ek prys God vir nog 'n beantwoorde gebed. Die gees van depressie was op my die ander oggend, toe kom my man en sing vir my, "God is die sterkte van my hart!" Ek het gehuil vir hierdie beantwoorde gebed. Wanneer ek kwaad en bang was dat sy salaris weereens gesny gaan word, het my man gesê, "God het ons, ons "daaglikse brood" belowe—Hy sal ons nie verlaat nie! Prys Hom weer vir 'n beantwoorde gebed.

Wanneer die kinders hulle wan-gedra, het my man hulle begin dissiplineer—maar baie ferm. Ek begin om te leer om op God te vertrou en Hom ook hiervoor te prys.

Terwyl ek besig was met my selfbejammeringspartytjie oor my uiterste gewigstoename, sê my man, "ons moet weer 'n "geleentheidsaand" begin," en ons was geseën met 'n restaurant geskenkbewys. Daardie aand het my man my "pragtig" genoem. God is so vol van genade. Ek sal voortgaan om hom te prys solank as wat ek asemhaal.

Ek het nooit werklik 'n ware "eVennoot," gehad nie maar ek het 'n spesiale vriendin wat my gereeld herinner dat ek niks verdien wat God al ooit vir my gegee het nie (insluitende my man en my huwelik)—maar deur Sy genade alleen het Hy en sal Hy voortgaan om my te seën!!

Ek sal nie my geskenk van herstel weggooi nie—Ek gaan die goeie geveg van geloof baklei en Hom toelaat om my te vorm volgens die vrou en ma wat Hy wil hê ek moet wees. Ek is Sy kind, en Hy is geen aannemer van persone nie. Wat Hy vir my gedoen het—is Hy meer as in staat om vir jou te doen!

Chelle in Alabama—HERSTEL

Wat jy gelees het is slegs ‘n *klein voorbeeld* van die Krag en GETROUHEID van God wat deur talle herstelde huweliksgetuïenisse vertel word! Ons gaan voort om nuwe herstelde huweliksgetuïenisse en herstelde verhoudingsgetuïenisse (kinders, broers en susters, ouers, ens.) elke week op ons webwerf te publiseer.

Moet nie toelaat dat ENIGIEMAND jou probeer oortuig dat God nie JOU huwelik kan herstel nie! Dit is ‘n leuen. Die WAARHEID is dat Hy MEER AS IN STAAT IS!!

Is Your Marriage... Crumbling? Hopeless? Or Ended in Divorce?

Is Jou Huwelik...Besig Om Te Verkrummel? Hopeloos? Of in egskeiding geëindig?

Daar Is Uiteindelik Hoop!

Het jy aanlyn vir huwelikshulp gesoek? Dit is nie toevallig dat jy hierdie boek in jou hande het nie. God lei jou na Restore Ministries wat begin het deur huwelike te help wat hopeloos lyk —soos joune!

God het jou geroep om hulp in jou huwelikstryd en nederlae gehoor. Hy het hierdie **Goddelike Afspraak** voorafbepaal om jou die hoop te gee wat jy nou so desperaat nodig het!

Ons weet en verstaan waardeur jy gaan, aangesien baie van ons in ons herstelgemeenskap ‘n herstelde huwelik en gesin het! Maak nie saak wat ander jou vertel het nie, jou huwelik is nie hopeloos nie! Ons weet, nadat ons byna twee boeke met herstelde huweliksgetuïenisse gevul het, dat God in staat is om enige huwelik te herstel —veral joune!

“Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?” (Jeremia 32:27).

As daar vir jou gesê is dat jou huwelik hopeloos is of dat jou huwelik sonder jou man se hulp nie herstel kan word nie! Elke week plaas ons ‘n nuwe Herstelde Verhouding van een van ons Herstel Gemeenskap lede op ons webwerf.

“Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie!” (Jeremia 32:17).

As jy tot God geroep het vir meer hulp, iemand wat verstaan, iemand met wie jy kan praat, dan nooi ons jou uit om by ons RMI Herstel Gemeenskap aan te sluit. Sedert ons hierdie gemeenskap begin het, het ons gesien hoe meer huwelike op 'n gereelde grondslag herstel word as wat ons ooit gedink het moontlik is!

Herstel Gemeenskap

Herstel is 'n “nou poort”— kyk rond, die meeste huwelike eindig in egskeiding! Maar as jou begeerte is vir 'n herstelde huwelik, dan is ons Herstel Gemeenskap is spesiaal ontwerp vir jou!

Sedert ons hierdie gemeenskap begin het, het ons gesien hoe huwelike meer konsekwent herstel word as wat ons ooit gedink het moontlik is.

Laat ons jou help om daartoe verbind te bly om “met God te werk” om jou huwelik te herstel. Herstel Gemeenskap kan jou die hulp, leiding en ondersteuning bied wat jy nodig het om te bly op die pad wat lei tot oorwinning - *jou* herstelde huwelik!

Laat ons jou verseker dat al ons huwelike deur God (deur Sy Woord) herstel is terwyl ons Hom gesoek het om ons te lei, ons te leer en ons te verander deur Sy Heilige Gees. Dit is ook al wat jy nodig het vir jou huwelik om herstel te word.

God gaan egter voort om mense na ons bediening en gemeenskap te lei om die geloof, ondersteuning en hulp te verkry wat so baie sê dat hulle nodig het in hul krisistyd.

“Ek wil ieder en elke vennoot in hierdie bediening bedank omdat hulle my toegelaat het om toegang tot hierdie skat van kennis en begrip van die woord van God te verkry, terwyl ek al hierdie getuienisse deel van hoop en liefde. Dit was 'n groot bemoediging vir my terwyl ek vashou aan God se woord en Sy beloftes.

Alhoewel ek voorheen van hierdie beginsels gehoor het, het die manier hoe dit aangebied was, my met geen verwarring gelaat nie. Ek was verlore oor wat ek regtig nodig gehad het om te doen vir die Here en hoe Hy wou gehad het ek dit moet doen, maar met julle almal was ek in staat om 'n helder visie te kry van wat nodig is om my verhouding met die Here te vermeerder.

Daar is so baie meer wat ek kan sê, maar dankie lyk of dit nie genoeg gaan wees nie. Ek sien uit daarna om soveel meer te leer soos wat hierdie

kursusse aangaan en ek beplan om hulle oor te doen, soveel keer as wat ek kan.

Doen asseblief die bemoediging en die verandering wat hierdie vrouens ervaar is net 'n uitstorting van die goedheid van God.

Ek was verwar oor wat ek nodig gehad het om te doen om in my verhouding met die Here te groei en terwyl ek in geloof vir my huwelik herstel geloop het. Ek het op hierdie webwerf uitgevind hoe ek dit moet doen. My man en ek het gesels, maar nie so oop en vrylik soos nou nadat ek die beginsels in my lewe toegepas het nie. Ek sien klein veranderinge in ons lewens en ons kommunikasie. Loof God.

Maar ek fokus op my HM (Hemelse Man). Maak nie saak wat die wêreld na jou toe gooi nie, weet dat God altyd by jou is en as jy op Hom steun, is Hy altyd daar om jou op te hou. Hy sal 'n manier vind om jou te bereik in jou tyd van nood en al wat jy nodig het, is om aan Sy hand vas te hou en Sy aangesig te soek.” Farline in Trinidad and Tobago

“Ek sou definitief die HJH (Herstel Jou Huwelik) boek aanbeveel as 'n goeie bron en gids om deur jou huwelikskrisis te navigeer. Hierdie boek bring ons altyd terug na die Bybel en sy bybelse beginsels toe en herinner ons dat net God alleen die antwoord het op ons krissise, nie onself of ons eggenote nie.

Hierdie getuienisse is so kragtig en herinner my dat met God, alles moontlik is. Ek is elke keer geïnspireerd wanneer ek leer hoe die Here die Eerste Liefde van die dames geword het wat hul getuienisse ingedien het, en hoe God vinnig hulle huwelike herstel het en hulle aardse mans se harte terug na hulle gedraai het. Hierdie getuienisse bewys aan my dat God ons huwelike wil en kan herstel, as ons ons lewens op Hom alleen fokus. Baie dankie dat julle al hierdie wonderlike getuienisse gedeel het, al die glorie aan God!

Voordat ek RMI gevind het, het ek aanhoudend gewonder hoekom die huwelik verkrummel het en ek was desperaat om die probleem op te los en die huwelik te probeer red. Maar, nadat ek die HJH (Herstel Jou Huwelik) boek gelees het, en deur Kursus 1, Hernu, gewerk het en die joernale ingevul het, het ek beter insig gekry in my rol in die verbokkeling en hoe verlatings nodig is vir die Here om in my lewe te werk en my terug te bring na Sy liefdevolle arms.

Ek het ook beseef dat my aardse man my afgod was wat ek as 'n prioriteit geplaas het, wat glei het tot die verlating wat benodig was.

Die hulpbronne wat ek gedeel het, het my in 'n meer intieme verhouding met my Hemelse Man getrek en 'n groter doel vir my lewe. Baie dankie vir die hulpbronne wat so broodnodig is in dieselfde situasies.” Lee in Singapoer

*Sluit VANDAG aan by ons Herstel Gemeenskap aan en laat ons toe om JOU te help om JOU huwelik te **herstel**.*

UiteindelikHoop.com

Hou Jy Van Wat Jy Gelees Het?

Kyk Wat Is Ook Beskikbaar

op EncouragingBookstore.com & Amazon.com

Skandeer die kode hieronder na die beskikbare boeke vir ons Oorvloedige Lewe-reeks, Herstel-reeks en Deur die Woord van hulle Getuienis-reeks.



Besoek asseblief ook ons Webwerf waar jy ook al hierdie boeke as GRATIS Kursusse vir beide mans en vroue, sal vind.

Wil jy meer weet oor hoe jy 'n Oorvloedige Lewe kan Leef?



Restore Ministries International

POB 830 Ozark, MO 65721 USA

Vir Meer Hulp

Besoek asseblief een van ons Webwerwe:

Uiteindelikhoop.com

EncouragingWomen.org

HopeAtLast.com

LoveAtLast.org

RestoreMinistries.net

Aidemaritale.com (Frans)

AjudaMatrimonial.com (Portugees)

AmoreSenzaFine.com (Italiaans)

AyudaMatrimonial.com (Spaans)

Eeuwigdurendeliefde-nl.com (Nederlands)

EvliliginiKurtar.com (Turks)

EternalLove-jp.com (Japanees)

Pag-asa.org (Fillipynse Tagalog)

Zachranamanzelstva.com (Slovaaks)

Wiecznamilosc.com (Pools)

EncouragingMen.org